27 NOVEMBER 2023

KONSTITUSIE VAN DIE TOYOTA 4X4 EIENAARSKLUB

ML HUXTABLE

INHOUDSOPGAWE

DEEL EEN

1. NAAM 3

2. DOELSTELLINGS EN OOGMERKE VAN DIE KLUB 3

3. SPESIALE VOORWAARDES 3

4. AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE 3

DEEL TWEE

1. WOORDOMSKRYWINGS 4

2. LEDETAL 4

3. LIDMAATSKAP 4

4. VEREISTES VIR LIDMAATSKAP 4

5. AANSOEK OM LIDMAATSKAP 5

6. JAARLIKSE LEDEGELD 5

7. DISKWALIFIKASIE VAN LEDE 5

8. BEDANKING VAN LEDE 6

9. REGTE VAN LEDE 6

10. REGISTER VAN LEDE (LEDELYS) 7

11. ALGEMENE VERGADERINGS 7

11.1 ALGEMENE JAARVERGADERING 7

11.2 BUITENGEWONE VERGADERINGS 7

11.3 BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERINGS 7

11.4 VERSOEK VIR VERGADERINGS 7

11.5 VERGADERING GEHOU TE WORD OP VERSOEK 7

11.6 DISSIPLINÊRE EN BESTUURSKOMITEE VERGADERINGS 8

12. VERRIGTINGE BY ALGEMENE VERGADERING 8

12.1 SPESIALE AANGELEENTHEDE 8

12.2 KWORUM 8

12.3 GEEN KWORUM TEENWOORDIG 8

12.4 VOORSITTER 8

12.5 GEKOSE VOORSITTER 8

12.6 VERDAGING 8

12.7 BESLUITE 9

12.8 STEMPROSEDURE 9

12.9 STEMME 9

12.10 LEDEGELD EN WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE 9

12.11 LEDE WAT AGTERSTALLIG IS MET LEDEGELD 9

12.12 VOLMAG 9

12.13 AKTE VAN VOLMAG 9
12.14 INDIENING VAN AKTE VAN VOLMAG 9
12.15 VORMS 10
12.16 VOLMAG WAT AANTOON HOE GESTEM MOET WORD 10
12.17 'n GEVOLMAGTIGDE MAG VRA OM 'n STEMMING 10
12.18 VOLMAG IS NIE HERROEPBAAR NIE BEHALWE DEUR SKRIFTELIKE KENNISGEWING 10
12.19 VERKIESING VAN VOORSITTER EN BESTUURSKOMITEE 10
12.20 NOTULE 10
13. BESTUURSKOMITEE 11
13.1 KONSTITUSIE 11
13.2 VOORSITTER 11
13.3 ONDERVOORSITTER, SEKRETARIS, TESOURIER EN ANDER LEDE 11
13.4 WIE TOT DIE BESTUURSKOMITEE VERKIES MAG WORD 11
13.5 PROSEDURE VIR DIE VERKIESING VAN DIE VOORSITTER EN LEDE VAN DIE BESTUURSKOMITEE 11
13.6 TOEVALLIGE VAKATURES 12
13.7 GESAG VAN DIE BESTUURSKOMITEE 12
13.8 INDIENSNEMING VAN BEAMPTES EN BEDIENDES 12
13.9 BANKREKENINGS 12
13.10 TEKENMAGTE 12
13.11 VERGADERINGS VAN DIE BESTUURSKOMITEE 13
13.12 DISSIPLINÊRE OPTREDE TEEN BESTUURSKOMITEE LEDE 13
13.13 SUBKOMITEES 13
13.14 DISSIPLINÊRE KOMITEES 13
13.15 PROSEDURE BY DISSIPLINÊRE VERHORE 14
14. SEKRETARIS (ADMINISTRATOR) 14
15. REKENINGS 14
16. OUDITEURE 15
17. KENNISGEWING 15
18. ONTBINDING 15
19. KOPIEË VAN DIE KONSTITUSIE 15
20. DATUM VAN DIE KONSTITUSIE 15

KONSTITUSIE VAN DIE TOYOTA 4X4 EIENAARSKLUB

DEEL EEN

1. NAAM

Die naam van hierdie organisasie sal die Toyota 4X4 Eienaarsklub wees. Hierna verwys as die "Klub".

2. DOELSTELLINGS EN OOGMERKE VAN DIE KLUB

Die hoofdoelstellings en oogmerke van die Klub is die volgende:

2.1 Om die eienaars van vierwielaangedrewe voertuie aan te moedig en te koördineer in ‘n vereniging van vierwiel entoesiaste.

2.2 Om funksies te reël en te hou, soos byvoorbeeld plesierritte, saamtrekke, ens waartydens lede opgelei en aangemoedig sal word om hulle vierwielvoertuie korrek te gebruik.

2.3 Om veiligheid te bevorder deur onderhouding van die Wet op Padverkeer, 1989 en gepaardgaande Regulasies; om by te dra tot die beskerming van natuurlike hulpbronne, soos land, water, woude en wild; en om behulpsaam te wees deur die lede se voertuie beskikbaar te stel in die geval van enige nasionale of plaaslike ramp wanneer daartoe versoek.

2.4 Om fondse te genereer deur of lidmaatskapgeld van lede te vorder of anders om die Klub effektief te bedryf en in die algemeen om by enige ander winsmakende onderneming betrokke te raak waarby 'n organisasie sonder winsoogmerk betrokke mag raak.

2.5 Om eiendom te huur of te bekom.

2.6 Om met enige ander Klub met soortgelyke oogmerke te assosieer op provinsiale of nasionale vlak.

2.7 Die Klub sal nie-partydig en nie-polities in karakter wees en sal van ‘n nie-winsmakende aard wees.

3. SPESIALE VOORWAARDES

3.1 Die Klub sal nie geregtig wees om in specie of in natura van sy bates en/of winste aan sy lede uit te deel nie.

3.2 Die inkomste en eiendom van die Klub, wanneer verkry sal slegs aangewend word om die hoofdoelwitte en oogmerke van die Klub te verwesenlik. Geen deel daarvan sal direk of indirek by wyse van bonus of andersins betaal of oorgedra word aan lede van die Klub nie; met die voorbehoud dat niks hierin gemeld sal verhoed dat die betaling in goeie trou van ‘n redelike vergoeding aan enige beampte of werknemer van die Klub of ‘n lid vir dienste wat in werklikheid vir die Klub uitgevoer is nie, betaal word nie.

3.3 Geen lid van die Klub sal hom skuldig maak aan die gebruik van die Klub vir sy eie persoonlike voordeel nie.

4. AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE

Elke lid onderneem om by te dra tot die bates van die Klub in die geval van die ontbinding van die Klub terwyl so ‘n persoon lid van die Klub is of vir ‘n tydperk van ‘n jaar daarna; vir die betaling van skulde en laste van die Klub aangegaan voordat hy opgehou het om lid van die Klub te wees en van die koste en regte van die bydrae tussen hulself tot ‘n maksimum bedrag van R 2,00 (Twee Rand). Die aanspreeklikheid van lede is beperk tot voormelde bedrag.

DEEL TWEE

1. WOORDOMSKRYWINGS

1.1 Die "Sekretaris" beteken enige persoon wat aangewys is om die sekretariële funksies van die Klub uit te voer.

1.2 "Lid van goeie naam" beteken ‘n lid, met of sonder stemreg, wat ten volle met sy ledegelde opbetaal is en teen wie daar geen dissiplinêre aksie aanhangig is nie.

1.3 "Die Bestuurskomitee" beteken die komitee waarna verwys word in hierdie deel.

1.4 "Die subkomitees" beteken daardie komitee wat deur die Bestuurskomitee aangestel word om spesifieke take uit te voer.

1.5 Waar na die manlike geslag verwys word, sal dit ook die vroulike geslag insluit.

1.6 Uitdrukkings wat na die geskrewe verwys sal, tensy die teendeel blyk, vertolk word dat dit ook verwys na drukwerk, litografie en ander metodes om woorde in ‘n sigbare vorm te reproduseer of voor te stel. Tensy die inhoud, andersins aantoon sal woorde of uitdrukkings in hierdie dokument vervat die betekenis hê wat normaalweg (gewoonlik) aan sulke woorde of uitdrukkings geheg word.

2. LEDETAL

2.1 Daar sal geen beperking op die maksimum aantal lede van die Klub wees nie.

2.2 Daar sal ‘n minimum aantal lede van die Klub wees wat nie minder as 20 (twintig) lede sal wees nie.

3. LIDMAATSKAP

3.1 Die Klub is ‘n vereniging van lede en sal bestaan uit enige persoon wat aansoek doen vir lidmaatskap en deur die Bestuurskomitee toegelaat word.

3.2 Lede moet voldoen aan die vereistes vir lidmaatskap soos in Artikel 4 hieronder uiteengesit.

4. VEREISTES VIR LIDMAATSKAP

4.1 ‘n Lid moet ‘n vierwielaangedrewe voertuig besit.

4.2 Alle applikante moet 18 jaar of ouer wees en in besit wees van ‘n geldige bestuurderslisensie.

4.3 Alle applikante moet die vereistes soos van tyd-tot-tyd deur die Bestuurskomitee gestel, bevredig. Hierdie vereistes sal deur die Bestuurskomitee bepaal word en na hulle eie goeddunke en diskresie. Die besluit van die Bestuurskomitee in hierdie verband is finaal.

4.4 Om die karakter van die klub te behou moet minstens 66.6% van die lede met stemreg by die Algemene Jaarvergadering of buitengewone algemene vergadering ‘n vierwielaangedrewe voertuig wat die fabrieksnaam TOYOTA dra, besit. Indien die goedkeuring van ‘n applikant se aansoek sal veroorsaak dat die klub se persentasie van lede met stemreg wat ‘n vierwielaangedrewe voertuig wat die fabrieksnaam TOYOTA dra onder die 66.6% vlak daal, dan kan die applikant nog steeds toegelaat word maar as lid sonder stemreg. ‘n Lid sonder stemreg het al die voordele en pligte van ‘n lid met stemreg behalwe dat ‘n lid sonder stemreg nie op die Algemene Jaarvergadering of op ‘n buitengewone algemene vergadering mag stem nie. ‘n Lid sonder stemreg sal op ‘n waglys geplaas word en sal ‘n lid met stemreg word sodra die Klub se vereiste dat minstens 66.6%

van die lede met stemreg ‘n vierwielaangedrewe voertuig wat die fabrieksnaam TOYOTA dra besit, dit toelaat.

4.5 Betaling van die intreebedrag en jaarlikse ledegeld sal gelyktydig met die indiening van ‘n aansoek om lidmaatskap gedoen word. Sou die applikant as lid aanvaar word, sal die Klub daarop geregtig wees om voormelde bedrae te behou. Indien lidmaatskap geweier word, sal alle bedrae deur die applikant betaal, aan hom terugbetaal word. Betaling van voormelde bedrae word in Artikel 6 hieronder uiteengesit.

5. AANSOEK OM LIDMAATSKAP

5.1 Aansoek om lidmaatskap moet op die voorgeskrewe vorm gedoen word. Die Bestuurskomitee mag die vorm van tyt-tot-tyd wysig.

5.2 Die vorm waarna in Artikel 5.1 verwys word moet ten minste die volgende inligting bevat:

5.2.1 Volle Name.

5.2.2 Geboortedatum.

5.2.3 Woonadres.

5.2.4 Telefoonnommer - huis en werk.

5.2.5 Posadres.

5.2.6 Werkadres.

5.2.7 Huwelikstaat.

5.2.8 Beroep.

5.2.9 Tipe Voertuig.

5.2.10 Model en Registrasienommer.

5.2.11 Tipe enjin, maak en kw.

5.2.12 Of die voertuig ‘n wenas het en indien wel die kapasiteit daarvan.

5.2.13 Naam van naasbestaandes wat nie by die applikant inwoon nie.

5.2.14 Enige ander inligting soos van tyd-tot-tyd deur die Bestuurskomitee bepaal.

6. JAARLIKSE LEDEGELD

6.1 Daar sal ‘n toetreebedrag betaalbaar wees deur elke nuwe lid soos vasgestel tydens die Algemene Jaarvergadering.

6.2 Die voorgeskrewe jaarlikse lidmaatskapgelde van die Klub sal jaarliks hersien word tydens die Algemene Jaarvergadering. Jaarlikse hernuwing is 01 November van elke jaar.

6.3 ‘n Lid wat 60 (sestig) jaar en ouer is en aktief betrokke is by die Klubaktiwiteite sal slegs aanspreeklik wees vir 50 (vyftig) persent van die jaargeld. Hierdie bepaling sal slegs van toepassing wees op lede wat ten volle opbetaal en in goeie naam is vir tien agtereenvolgende jare. ‘n Lid wat aan hierdie bepaling voldoen, moet jaarliks skriftelik aansoek doen by die Bestuurskomitee vir die vergunning.

7. DISKWALIFIKASIE VAN LEDE

7.1 ‘n Lid wat nie sy gelde binne 60 (sestig) dae nadat dit betaalbaar geraak het, betaal nie, se lidmaatskap sal outomaties tydelik opgeskort word in afwagting van ‘n besluit van die Bestuurskomitee wat die volgende kan bepaal:

7.1.1 Die lid se lidmaatskap te herstel indien genoegsame redes by betaling van die toetreebedrag verstrek word; of

7.1.2 die opskorting van die lidmaatskap te handhaaf.

7.2 Enige lid wat nie sy ledegeld vir 2 (twee) agtereenvolgende jare betaal het nie se lidmaatskap sal summier beëindig word, maar is daarop geregtig om of by die Bestuurskomitee aansoek te doen om sy lidmaatskap:

7.2.1 Te herstel indien genoegsame redes verskaf word en die agterstallige bedrae betaal word tesame met ‘n boete van 25% van die agterstallige bedrae; of

7.2.2 die beëindiging van die lidmaatskap van die lid te bekragtig.

7.3 ‘n Lid wat nie sy gelde soos in Artikel 6 binne die neergelegde tyd, betaal het nie, sal nie geregtig wees op die voorregte verleen aan ‘n lid van goeie naam terwyl sodanige ledegelde uitstaande is nie.

7.4 Enige lid wat sy jaarlikse ledegeld vooruitbetaal, is nie geregtig op die terugbetaling daarvan of enige gedeelte daarvan indien hy sou bedank nie. In die geval waar ‘n lid bedank voor die betaling van sy jaarlikse ledegeld, bly so ‘n lid ten volle aanspreeklik vir die betaling van die uitstaande bedrag tensy sy bedanking betyds ontvang is.

7.5 Sou die gedrag van ‘n lid na die oordeel van die Bestuurskomitee onbehoorlik, onsportief of nadelig vir die belange van die Klub wees; of sou enige lid hom skuldig maak aan aanstootlike gedrag; of die Reëls en Regulasies van die Klub oortree het; of in politieke argumente betrokke raak by Klubfunksies; of daaraan skuldig bevind is dat hy die goeie naam en reputasie van die Klub benadeel het deur gedrag of kwaadpratery of soveel alkohol ingeneem het dat sy gedrag te luidrugtig en/of oproerig en/of antagonisties is teenoor medelede; of versuim om beamptes en baanopsieners te gehoorsaam terwyl hulle besig is om hulle pligte uit te voer of na die belange van lede om te sien by funksies en of byeenkomste deur die Klub gereël, sal hy versoek word om voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn en sal volgens die diskresie van die Dissiplinêre Komitee vir ‘n tydperk geskors word of skriftelik deur die Voorsitter versoek word om te bedank. Sou die lid versuim om binne 7 (sewe) dae na so ‘n versoek, te bedank, sal die Dissiplinêre Komitee so ‘n lid uit die Klub uitsit. Die beslissing van die Dissiplinêre Komitee is finaal en bindend en ‘n lid wat uit die Klub gesit is, mag eers na verloop van 5 (vyf) jaar weer om lidmaatskap aansoek doen.

7.6 ‘n Uitgesitte lid is nie geregtig op die terugbetaling van die oorblywende deel van sy ledegeld nie en is aanspreeklik vir enige gelde verskuldig aan die Klub.

8. BEDANKING VAN LEDE

Enige lid wat sy lidmaatskap van die Klub wil beëindig, sal dit skriftelik aan die Sekretaris bekend maak waarna sy naam van die ledelys verwyder sal word. Dit sal beskou word dat hy bedank het op voorwaarde dat 60 (sestig) dae kennis van sy bedanking gegee is en voorts dat sy bedankingsdatum ooreenstem met die beëindiging van sy jaarlikse lidmaatskap. Vir die doeleindes van hierdie Artikel sal jaarlikse lidmaatskap beskou word as 12 (twaalf) agtereenvolgende kalendermaande beginnende op die eerste dag van November elke jaar.

9. REGTE VAN LEDE

9.1 Al die gesinslede van ‘n lid is geregtig om die fasiliteite en geriewe van die Klub te gebruik.

9.2 Alle lede van goeie naam sal geregtig wees om die Algemene Jaarvergadering by te woon en om deel te neem aan die aangeleenthede waaroor besluit moet word by die Algemene Jaarvergadering.

9.3 Alle lede van goeie naam **MET STEMREG**, sal die reg hê om te stem by die Algemene Jaarvergadering of op ‘n buitengewone algemene vergadering. Vir hierdie doel sal elke lid **MET STEMREG** slegs op 1 (een) stem geregtig wees.

9.4 Alle lede mag in hulle diskresie gaste nooi om enige Klubfunksies of -byeenkoms by te woon op voorwaarde dat:

9.4.1 Dit die verantwoordelikheid van sodanige lid is om te verseker dat die gaste nie vir enige drank, voedsel of verversings betaal nie, dat die lede persoonlik vir die betaling van sodanige items aanspreeklik is.

9.4.2 Dat sodanige lid verantwoordelik bly vir die gedrag van sy gaste.

9.4.3 Dat die lid betaal vir sy gaste se toegang by sodanige funksies of byeenkomste.

10. REGISTER VAN LEDE (LEDELYS)

10.1 Die Sekretaris sal te alle tye ‘n register van lede met stemreg, lede sonder stemreg en die waglys van lede sonder stemreg, byhou by die perseel van die Klub. Die register sal te alle tye ter insae van enige lid van goeie naam beskikbaar wees. Geen persoon mag die ledelys vir persoonlike besigheidswins aanwend nie.

10.2 Dit sal die plig van die Bestuurskomitee wees om toe te sien dat die register maandeliks bygehou word.

11. ALGEMENE VERGADERINGS

11.1 ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Klub sal gedurende elke jaar ‘n algemene vergadering hou wat as die Algemene Jaarvergadering bekend sal staan, bykomend tot enige ander vergadering wat gedurende die jaar gehou mag word en sal die vergadering as sodanig aangetoon word in enige kennisgewings wat die vergadering aankondig. ‘n Algemene Jaarvergadering sal nie later as ses weke na afloop van die finansiële jaar gehou word nie. Die finansiële jaar sal strek tot aan die einde van Oktober elke jaar.

Die Algemene Vergadering sal by die Klub se perseel gehou word en indien die Klub nie oor ‘n perseel beskik nie, by sodanige ander plek as wat die Bestuurskomitee van tyd-tot-tyd besluit.

11.2 BUITENGEWONE VERGADERINGS

Alle algemene vergaderings anders as die Algemene Jaarvergadering sal as buitengewone algemene vergaderings bekend staan.

11.3 BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERINGS

Die Bestuurskomitee mag, wanneer hulle dit nodig ag en sal op skriftelike versoek van enige 4 (vier) of meer lede van die Bestuurskomitee of 10 (tien) of meer lede van goeie naam, ‘n buitengewone algemene vergadering byeenroep of indien die Bestuurskomitee nalaat om dit te doen mag sodanige vergadering deur diegene wat die versoek gerig het, byeengeroep word.

11.4 VERSOEK VIR VERGADERINGS

Enige versoek gerig deur die Bestuurskomitee of deur lede van goeie naam, sal die doel van die vergadering aantoon en sodanig versoek sal aan die Sekretaris beskikbaar gestel word.

11.5 VERGADERING GEHOU TE WORD OP VERSOEK

By ontvangs van so ‘n versoek deur die Bestuurskomitee sal die Sekretaris van die Bestuurskomitee sonder versuim ‘n Algemene Vergadering byeen roep, indien dit nie binne 30 (dertig) dae na datum van aansoek realiseer nie, mag die aansoekers self so ‘n vergadering byeenroep.

11.6 DISSIPLINÊRE EN BESTUURSKOMITEE VERGADERINGS

Bestuurskomitee vergaderings sal daardie wees wat maandeliks gehou word om die Klub se bedrywighede te bestuur en die doelstellings en oogmerke van die klub na streef en dissiplinêre vergaderings sal daardie wees wat byeengeroep word deur die Bestuurskomitee om aan dissiplinêre aangeleenthede aandag te gee.

11.7 Ten minste 10 (tien) dae voor elke vergadering moet kennis daarvan tesame met die plek, datum en tyd van vergadering en in geval van ‘n spesiale aspek, ook die algemene aard daarvan, aan die Bestuurskomitee en lede van goeie naam op die wyse hierna uiteengesit, gegee word of op sodanige ander wyse, indien enige, as wat deur die Klub by ‘n algemene vergadering besluit is. Die toevallige versuim om sodanige kennis te gee of die nie-ontvangs daarvan deur enige lid van die Bestuurskomitee of ‘n lid van goeie naam sal nie die verrigtinge van ‘n Algemene Vergadering ongeldig maak nie. Die kennisgewingstydperk in die geval van ‘n dissiplinêre verhoor is 10 (tien) dae en ‘n Bestuurskomitee vergadering, 24 (vier-en-twintig) uur.

12. VERRIGTINGE BY ALGEMENE VERGADERING

12.1 SPESIALE AANGELEENTHEDE

Alle verrigtinge sal as spesiaal beskou word, dit is wat by ‘n Buitengewone Algemene Vergadering plaasvind, met uitsluiting van die oorweging van die finansiële state en die gewone verslae van die Bestuurskomitee asook die verslag van die Ouditeure, die verkiesing van lede vir die Bestuurskomitee in die plek van lede wat aftree asook die aanstelling en betaling van die Ouditeure.

12.2 KWORUM

Geen verrigtinge van enige vergadering behalwe Bestuurskomitee vergaderings sal plaasvind tensy ten minste 70% van die lede van die uittredende Bestuurskomitee en 15 lede van goeie naam met stemreg teenwoordig is by die aanvang van die verrigtinge nie. In geval van ‘n Bestuurskomitee vergadering is ‘n kworum van 60% van al die lede.

12.3 GEEN KWORUM TEENWOORDIG

Indien daar ‘n halfuur na die tyd bepaal vir die vergadering nie ‘n kworum teenwoordig is nie, sal die vergadering, indien lede van die Bestuurskomitee of lede van goeie naam met stemreg versoek, ontbind word, in enige ander geval sal die vergadering verdaag word tot dieselfde dag die volgende week om dieselfde tyd en by dieselfde plek en indien daar by sodanige vergadering wat verdaag is, geen kworum teenwoordig is nie, sal die vergadering sine die verdaag word.

12.4 VOORSITTER

Die Voorsitter, of in sy afwesigheid, die Ondervoorsitter sal voorsit by elke Algemene Vergadering van die Klub.

12.5 GEKOSE VOORSITTER

Indien nie een van of die Voorsitter of die Ondervoorsitter teenwoordig is ten tye van die hou van ‘n vergadering nie, sal die Bestuurskomitee en ander lede van goeie naam met stemreg teenwoordig ‘n voorsitter uit hulle geledere kies om as voorsitter op te tree.

12.6 VERDAGING

Die Voorsitter mag met die instemming van die vergadering ‘n vergadering van tyd-tot-tyd en van plek-tot-plek verdaag maar geen ander aspekte mag by so ‘n uitgestelde

vergadering bespreek word anders as die onafgehandelde verrigtinge van die uitgestelde vergadering nie.

12.7 BESLUITE

By enige Algemene Vergadering tensy ‘n stemming aangevra word deur ten minste 4 (vier) lede van die Bestuurskomitee of 25% (vyf-en-twintig persent) lede van goeie naam met stemreg teenwoordig, sal ‘n verklaring deur die Voorsitter dat ‘n besluit goedgekeur is en sal ‘n inskrywing in hierdie verband in die register van verrigting voldoende bewys daarvan wees, waarna dit in die notule van die vergadering opgeneem sal word.

12.8 STEMPROSEDURE

Indien ‘n stemming vereis word soos hierbo aangetoon sal dit op die wyse en tyd soos deur die Voorsitter bepaal uitgevoer word en sal die uitslag van sodanige stemming aanvaar word as ‘n besluit van die Klub-in-Algemene-Vergadering. ‘n Stemming vir die verkiesing van ‘n Voorsitter of lede van die Bestuurskomitee vir die daaropvolgende jaar sal op die wyse soos in Artikel 12.19 voorgeskryf uitgevoer word en voorts sal die stemming om ‘n versoek om verdaging onmiddellik uitgevoer word. ‘n Versoek vir ‘n stemming mag teruggetrek word.

12.9 STEMME

Elke lid van die Bestuurskomitee het 1 (een) stem en niks meer nie en elke ander lid van goeie naam met stemreg het 1 (een) stem en niks meer nie. In geval van ‘n staking van stemme, of deur die wys van hande of deur stemming, sal die Voorsitter van die vergadering op ‘n tweede of beslissende stem geregtig wees.

12.10 LEDEGELD EN WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE

Die Algemene Jaarvergadering sal geregtig wees om die ledegeld deur alle lede betaalbaar van tyd-tot-tyd te verhoog indien ‘n meerderheid van 60% van die lede met stemreg teenwoordig daarvoor stem.

Die Algemene Jaarvergadering sal geregtig wees om die konstitusie van tyd-tot-tyd te wysig op voorwaarde dat 75% van al die lede met stemreg by ‘n vergadering verteenwoordig (insluitende die Bestuurskomiteelede) daarvoor stem, onderhewig daaraan dat daar minstens 14 dae voor die Algemene Jaarvergadering kennis van die wysigings aan die lede gegee is.

12.11 LEDE WAT AGTERSTALLIG IS MET LEDEGELD

Geen lid sal daarop geregtig wees om by enige Algemene Vergadering te stem nie indien hy nie ‘n lid van goeie naam met stemreg is nie en/of sy naam in die presensielys aangeteken is nie.

12.12 VOLMAG

‘n Stem kan of persoonlik of by wyse van volmag uitgebring word.

12.13 AKTE VAN VOLMAG

Die akte wat ‘n volmag aanwys, sal skriftelik onder die hand van die aansteller of sy prokureur gedoen word. ‘n Gevolmagtigde moet ‘n lid met stemreg van die Klub wees.

12.14 INDIENING VAN AKTE VAN VOLMAG

Die akte wat ‘n gevolmagtigde aanstel of ‘n prokurasie of ander toestemming, indien enige, waaronder dit onderteken is, of ‘n notariële gesertifiseerde kopie van daardie prokurasie of toestemming moet by die Sekretaris van die Klub nie minder nie as 48 (agt-en-veertig) uur voor die vergadering of ‘n uitgestelde vergadering, waar die persoon in die

akte genoem van voorneme is om te stem of in die geval van ‘n stemming, nie minder nie as 24 (vier-en-twintig) uur voor die stemming plaasvind, gedeponeer word en by versuim sal die akte van volmag as ongeldig beskou word.

12.15 VORMS

‘n Akte wat ‘n gevolmagtigde aanstel sal in onderstaande vorm of so na as moontlik daaraan wees:

DIE TOYOTA 4X4 KLUB

Ek, die ondergetekende ..... woonagtig te ..... synde ‘n lid van goeie naam met stemreg van bostaande Klub, stel hiermee vir ..... van ..... aan as my gevolmagtigde om namens my by die Algemene (Buitengewone) Jaarvergadering van hierdie Klub wat op ..... gehou staan te word, of by ‘n uitgestelde vergadering, te stem.

GETEKEN te ……
Op hierdie ..... dag van .....20 ....

HANDTEKENING: .....

12.16 VOLMAG WAT AANTOON HOE GESTEM MOET WORD

Waar daar aan lede met stemreg die geleentheid gebied word om vir of teen ‘n voorstel te stem, sal die akte wees soos in die vorm in Artikel 12.15 aangetoon met die volgende toevoeging:

“Hierdie vorm moet vir/teen die besluit gebruik word. Tensy anders opgedra, sal die gevolmagtigde stem soos hy goeddink. (Skrap wat nie van toepassing is nie.)”

12.17 ‘n GEVOLMAGTIGDE MAG VRA OM ‘n STEMMING

Die akte wat ‘n gevolmagtigde aanstel word geag om magtiging te gee om op ‘n stemming aan te dring of deel te neem aan die versoek vir ‘n stemming.

12.18 VOLMAG IS NIE HERROEPBAAR NIE BEHALWE DEUR SKRIFTELIKE KENNISGEWING

‘n Stem wat uitgebring is in ooreenstemming met ‘n volmag sal geldig wees. Die teenstand, die dood, of kranksinnigheid van die prinsipaal of die terugtrekking van die volmag of die toestemming waarvolgens die volmag uitgevoer is nie op voorwaarde dat geen skriftelike kennisgewing van die dood of kranksinnigheid by die kantoor van die Klub ontvang is voor die aanvang van die vergadering of uitgestelde vergadering waar die volmag gebruik is nie.

12.19 VERKIESING VAN VOORSITTER EN BESTUURSKOMITEE

Die verkiesing van die Voorsitter en Bestuurskomiteelede sal deur geheime stem geskied soos in Artikel 13 uiteengesit.

12.20 NOTULE

Die Sekretaris van die Bestuurskomitee moet notule hou:

12.20.1 van die aanstelling van beamptes soos deur die Bestuurskomitee besluit;

12.20.2 van die name van die Bestuurskomiteelede teenwoordig by elke vergadering van die Bestuurskomiteelede of ‘n subkomitee of Dissiplinêre komitee en van enige komitee van die Bestuurskomitee; en

12.20.3 van alle besluite en verrigtinge by alle vergaderings van die Klub en van die Subkomitee van die Bestuurskomitee en elke lid van die Bestuurskomitee teenwoordig by enige vergadering van die Bestuurskomitee of komitee van die

Bestuurskomitee moet sy naam teken in ‘n boek wat vir hierdie doel bygehou moet word.

13. BESTUURSKOMITEE

13.1 KONSTITUSIE

13.1.1 Die Bestuurskomitee sal uit ten minste 6 (ses) lede bestaan waarvan minstens 66.6% van die Bestuurskomitee ‘n vierwielaangedrewe voertuig wat die fabrieksnaam TOYOTA dra, moet besit. Beide die Voorsitter en Ondervoorsitter moet ‘n vierwielaangedrewe voertuig wat die fabrieksnaam TOYOTA dra, besit.

13.1.2 Dit sal bestaan uit ‘n Voorsitter, ‘n Ondervoorsitter, ‘n Sekretaris, en minstens 3 (drie) ander lede.

13.2 VOORSITTER

Die Voorsitter sal vir ‘n termyn van 2 (twee) jaar gekies word. Sy termyn kan daarna vir ‘n verdere termyn van 1 (een) jaar verleng word indien hy bereid is om voort te gaan; met die voorbehoud dat hy nie vir meer as 3 (drie) agtereenvolgende jaar as voorsitter mag dien nie. Die ondervoorsitter moet verseker dat hy te alle tye op hoogte is van al die aktiwiteite waarmee die voorsitter betrokke is.

13.3 ONDERVOORSITTER, SEKRETARIS, TESOURIER EN ANDER LEDE

Die Ondervoorsitter, Sekretaris, en ander lede van die Bestuurskomitee sal jaarliks verkies word.

13.3.1 Die Tesourier sal vir ‘n termyn van 3 (drie) jaar aangestel word, met een maand wedersydse kennisgewing. Die Tesourier sal kwartaalliks ‘n finansiële verslag tesame met afskrifte van die bankstate aan die Bestuurskomitee voorlê ten einde die Bestuurskomitee in staat te stel om die besteding en inkomste te monitor en gesamentlike verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

13.4 WIE TOT DIE BESTUURSKOMITEE VERKIES MAG WORD

Alle lede van die Klub wat ‘n lid van goeie naam is en mag tot die Bestuurskomitee verkies word volgens die prosedure soos hierna uiteengesit.

13.5 PROSEDURE VIR DIE VERKIESING VAN DIE VOORSITTER EN LEDE VAN DIE BESTUURSKOMITEE

Die Voorsitter en Sekretaris sal so spoedig moontlik na die 15de Oktober maar nie later nie as die laaste dag van Oktober van die jaar waarvoor hulle aangestel is, in hulle poste, ‘n lys saamstel van die moontlike kandidate vir nominasie in poste op die Bestuurskomitee vir die volgende termyn.

Die Voorsitter mag slegs deur die uitgaande Bestuurskomiteelede voorgestel en gesekondeer word maar sy verkiesing moet deur ‘n meerderheid van stemme bevestig word.

By die Algemene Jaarvergadering waar die verkiesing van die Voorsitter en Bestuurskomiteelede moet plaasvind, sal die Bestuurskomitee ‘n verkiesingsbeampte aanwys wat bygestaan sal word deur die uittredende Voorsitter en Sekretaris, wie se verantwoordelikheid dit is om te verseker dat die korrekte stemprosedure gevolg word en dat daar aan die vereistes van die Konstitusie voldoen word.

Dit is die verkiesingsbeampte se plig om:

13.5.1 Die name van die moontlike kandidate vir die Voorsitterskap, hulle voorstellers en sekondante uit te lees.

13.5.2 Onmiddellik hierna moet die Verkiesingsbeampte ‘n stembrief aan al die lede met stemreg laat uitdeel waarop die name van die kandidate, hulle voorstellers en sekondante verskyn asook ‘n spasie om ‘n stem aan te teken. Nadat die stembriewe uitgedeel is, sal die verkiesingsbeampte die Algemene Vergadering 3 (drie) minute toelaat sodat die lede met stemreg kan stem. Die Verkiesingsbeampte sal bepaal wat die vorm van die stembrief is en hoeveel stemme elke persoon mag uitbring.

13.5.3 Nadat die periode van 3 (drie) minute verloop het, sal die verkiesingsbeampte toesien dat die stembriewe, wat toegevou moet wees, ingeneem word en sal hy die stemme tel en aankondig watter kandidaat as Voorsitter gekies is.

13.5.4 Nadat die Voorsitter gekies is, sal dieselfde prosedure gevolg word om die ander 5 (vyf) lede van die Bestuurskomitee te kies. Elke stemgeregtigde lid het 1 (een) stem per kandidaat met ‘n maksimum van 5 (vyf) kandidate waarvoor hy mag stem.

13.6 TOEVALLIGE VAKATURES

Die Bestuurskomitee sal waar die aantal lede weens dood, bedanking of andersins verminder word na minder as 6 (ses) lede ander lede aanstel in die plek van die wat oorlede is of bedank het of weens ‘n ander rede nie meer lede van die Bestuurskomitee is nie. Sodanige aanstellings sal as toevallige aanstellings bekend staan en sal van krag bly tot ander aanstellings by die volgende Algemene Jaarvergadering gemaak word.

13.7 GESAG VAN DIE BESTUURSKOMITEE

Die Bestuurskomitee sal absolute beheer oor al die sake en eiendom van die Klub hê; sal die reëls voorskryf, wysig of kanselleer om die Klub te reguleer, en sal al sodanige gesag uitoefen as wat hulle nodig ag behalwe wat andersins voorsiening gemaak word in hierdie konstitusie.

13.8 INDIENSNEMING VAN BEAMPTES EN BEDIENDES

Die Bestuurskomitee sal al sodanige beamptes en bediendes indiens neem soos wat hulle nodig ag, ingesluit ‘n Tesourier, en sal hulle dienste reël en salarisse vasstel.

13.9 BANKREKENINGS

Alle onttrekkings van die Klub se bankrekenings moet deur die Bestuurskomitee by enige van die gereelde vergaderings gemagtig word met die voorbehoud dat betalings tot ‘n maksimum van R 500,00 deur 2 (twee) Bestuurskomiteelede wat tekenmagte het, gemagtig mag word en voorts dat sodanige bepalings goedgekeur en bekragtig word by die volgende Bestuurskomitee vergadering.

Elektroniese betalings sal slegs geskied indien ‘n skriftelike versoek daarvoor deur die Tesourier ontvang is wat behoorlik gemagtig is deur twee Bestuurskomiteelede wat tekenmagte soos bedoel in Artikel 13.10 het.

13.10 TEKENMAGTE

Die Bestuurskomitee sal besluit wie tekenmagte het op voorwaarde dat ten minste 4 (vier) lede van die Bestuurskomitee tekenmagte sal hê en dat die Voorsitter en Ondervoorsitter 2 (twee) van diegene sal wees. Sou daar ‘n situasie ontstaan waar die Tesourier ‘n familielid van ‘n bestuurskomiteelid is, sal daardie bestuurkomiteelid nie geregtig wees om tekenmagte te hê nie. Al die lede wat tekenmagte het sal daarop geregtig wees om tjeks, verhandelbare stukke en alle ander nodige dokumente te teken.

13.11 VERGADERINGS VAN DIE BESTUURSKOMITEE

Die Bestuurskomitee moet gereeld vergader soos en wanneer nodig en in elk geval nie minder as 1 (een) keer per maand nie. Vir doeleindes van die Bestuurskomitee sal 60% van alle lede van die Bestuurskomitee ‘n kworum wees waarvan 1 (een) lid die Voorsitter of Ondervoorsitter moet wees.

Alle Bestuurskomiteelede moet die vergaderings bywoon, behalwe waar vooraf verskoning gemaak is.

Enige Bestuurskomitee lid wat versuim om 3 (drie) agtereenvolgende Bestuurskomitee vergaderings by te woon sal skuldig daaraan wees dat hy sy pligte versuim het en onderhewig sal wees aan dissiplinêre optrede voor die dissiplinêre komitee.

13.12 DISSIPLINÊRE OPTREDE TEEN BESTUURSKOMITEE LEDE

Bestuurskomiteelede sal aan dissiplinêre optrede onderhewig wees en om voor die dissiplinêre komitee te verskyn indien hulle hul plig ten opsigte van enige van die volgende aspekte versuim:

13.12.1 Versuim om klubbyeenkomste of klubfunksies by te woon, veral waar sodanige versuim die bywoning van 3 (drie) of meer agtereenvolgende klubbyeenkomste of klubfunksies of 6 (ses) of meer byeenkomste of funksies gedurende ‘n termyn van 6 (ses) agtereenvolgende maande sonder ’n geldige verskoning;

13.12.2 om Bestuurskomitee pligte tot die beste van sy vermoë uit te voer met die voorbehoud dat waar dit weens persoonlike omstandighede is, behoort so ‘n lid dit te oorweeg om eerder uit die Bestuurskomitee te bedank;

13.12.3 gebruik van aanstootlike of vuil taal in die teenwoordigheid van ander klublede en veral in die teenwoordigheid van hulle vrouens en kinders; en

13.12.4 skuldig is aan gedrag wat na die mening van die Bestuurskomitee nie in die beste belange van die klub is nie.

13.13 SUBKOMITEES

Die Bestuurskomitee mag wanneer nodig subkomitees aanstel om bepaalde take uit te voer of bepaalde pligte na te kom, op voorwaarde dat ‘n lid van die Bestuurskomitee altyd die voorsitter van sodanige subkomitee moet wees.

13.14 DISSIPLINÊRE KOMITEES

Die Bestuurskomitee sal wanneer dit nodig is ‘n Dissiplinêre Komitee aanstel om aan dissiplinêre aangeleenthede van Bestuurskomitee of Klublede aandag te gee. Die Dissiplinêre Komitee sal uit die volgende lede bestaan:

13.14.1 ‘n Voorsitter, wat waar moontlik ondervinding van sodanige aangeleenthede behoort te hê, asook oor die nodige kwalifikasies behoort te beskik, veral die vermoë om objektief oop te tree. Die Bestuurskomitee mag indien geen Klublid beskikbaar is om hierdie plig uit te voer nie, ‘n Prokureur, Advokaat, Aanklaer, Regsadviseur of Landdros daarvoor aanstel.

13.14.2 Nadat die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee aangestel is, moet 2 (twee) verdere lede van die Bestuurskomitee aangestel word om die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee by te staan, 1 (een) moet deur die Bestuurskomitee en 1 (een) deur die Dissiplinêre Komitee aangestel word.

13.14.3 Die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee tesame met die 2 (twee) addisionele lede sal ‘n verdere Bestuurskomiteelid benoem om as aanklaer namens die Klub

op te tree. Die lid wat voor die Dissiplinêre Komitee verskyn mag of self sy saak stel of ‘n Bestuurskomitee of Klublid vra om sy saak te stel of ‘n regsverteenwoordiger van sy keuse aanwys om hom by die dissiplinêre verhoor te verteenwoordig.

13.15 PROSEDURE BY DISSIPLINÊRE VERHORE

Die prosedure sal informeel wees maar nogtans voldoen aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse bewysleer. Die prosedure sal so na as moontlik soos volg wees:

13.15.1 Die funksies van die Dissiplinêre Komitee sal wees om die bewysreëls, Suid-Afrikaanse Wette en die Klub se konstitusie te vertolk asook orde te handhaaf tydens die verhoor.

13.15.2 Die Bestuurskomiteelid wat as aanklaer aangestel is namens die Klub, sal sy saak stel deur getuienis aan te voer namens die Klub. Getuienis moet onder eed wees. Net so moet die Klublid wat voor die Dissiplinêre Komitee verskyn nadat die Klub se saak gestel is, sy saak stel deur sy eie getuienis te lei en/of die van sy getuienis, met of sonder regsverteenwoordiging.

13.15.3 Enige klublid wat versuim om voor ‘n Dissiplinêre Komitee te verskyn nadat hy aangesê is, sal in absentia verhoor word.

14. SEKRETARIS (ADMINISTRATOR)

14.1 Die Klub mag ‘n voltydse Sekretaris aanstel om die Sekretaris wat op die Bestuurskomitee dien by te staan. So ‘n persoon sal op die voorwaardes en vergoeding soos deur die Bestuurskomitee bepaal, aangestel word.

14.2 Enigiets wat aan die Sekretaris opgedra is of van hom verwag word, mag, indien die pos vakant is aan ‘n assistent- of adjunksekretaris opgedra word en in geval daar nie sodanige persoon is nie, mag enige beampte van die Klub in die besonder of in die algemeen die take namens die Klub uitvoer.

14.3 Die persoon na wie in Artikel 14.1 verwys word, sal as die Klubsekretaris bekend staan.

15. REKENINGS

15.1 Die Bestuurskomitee moet toesien dat behoorlike rekeningboeke oor die volgende aangeleenthede aangehou word:

15.1.1 Alle gelde deur die Klub ontvang en bestee met die redes vir die inkomste en uitgawes;

15.1.2 alle aankope en verkope van goedere deur die Klub;

15.1.3 die bates en laste van die Klub.

Dit sal nie geag word dat behoorlike boeke gehou word indien sodanige boeke nie ‘n ware en regverdige oorsig van die Klub se sake gee nie en die transaksies verduidelik nie.

15.2 Die rekeningboeke moet by die Klub se persele of by die Ouditeure gehou word op ‘n plek of plekke wat die Bestuurskomitee voldoende ag en sal te alle tye ter insae van lede beskikbaar wees.

15.3 Die Bestuurskomitee sal van tyd-tot-tyd besluit of en in watter mate en by watter tye en plekke en onder watter voorwaardes of regulasies die rekeninge en boeke van die Klub aan lede van die Klub ter insae beskikbaar gestel sal word, en geen lid wat ookal sy stand, uitgesluit ‘n lid van die Bestuurskomitee sal die reg hê om die Klub se rekeninge en boeke

of enige dokument na te gaan nie behalwe soos deur hierdie Konstitusie of die Bestuurskomitee of die Klub in Algemene Vergadering bepaal.

15.4 Die Bestuurskomitee sal van tyd-tot-tyd in nakoming van die Konstitusie toesien dat ‘n wins- en verliesrekening, balansstate en verslae soos voorgeskryf deur die Konstitusie opgestel en voor die Klub-in-Algemene-Vergadering gelê word.

16. OUDITEURE

Ouditeure sal aangestel word en hulle pligte bepaal word na aanleiding van ‘n besluit van die Algemene Jaarvergadering of enige konstitusionele wysiging soos van tyd-tot-tyd van krag.

17. KENNISGEWING

17.1 ‘n Kennisgewing mag deur die Klub op enige lid of Bestuurskomiteelid persoonlik of deur die pos bestel word by sy geregistreerde woonplek of die adres soos op sy aansoekvorm aangetoon wat vir die betekening van alle kennisgewings as so ‘n lid se domicilium citandi et executandi beskou sal word.

17.2 Enige kennisgewing, indien per pos bestel, sal aanvaar word om op die tydstip bestel te gewees het wanneer dit deur die gewone pos afgelewer sou gewees het. Dit sal voldoende wees om te bewys dat die brief wat die kennisgewing bevat behoorlik geadresseer was, gepos is en geseël was.

17.3 Kennisgewing van ‘n Algemene jaarvergadering sal op enige van die wyses voorgeskryf aan die volgende verstrek word:

17.3.1 Elke lid behalwe daardie lede wat nie ‘n adres in die Republiek aan die Klub voorsien het nie (omdat hulle nie ‘n geregistreerde adres in die Republiek het nie);

17.3.2 elke persoon wat ‘n regspersoon is of ‘n verteenwoordiger of ‘n trustee in die sekwestrasie van ‘n lid is, indien dit nie vir sy dood of sekwestrasie was nie, op ‘n kennisgewing van die vergadering geregtig sou gewees het;

17.3.3 die Ouditeure en ex officio lede van die klub.

Geen ander persoon sal geregtig wees om kennisgewings van die Klub te ontvang nie.

18. ONTBINDING

Die Klub sal ontbind word indien ‘n spesiale resolusie hieroor aanvaar word.

19. KOPIEË VAN DIE KONSTITUSIE

Elke lid van die Klub is geregtig op ‘n Afskrif van hierdie Konstitusie.

20. DATUM VAN DIE KONSTITUSIE

Daar kan na hierdie Konstitusie verwys word as die "November 2022 Konstitusie"

Konstitusie van die Toyota 4x4 Eienaarsklub 1995
Opgedateer November 2012
Opgedateer November 2015
Opgedateer November 2016
Opgedateer November 2022

Opgedateer November 2023